*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**Republic of South Africa** ◆ **Republiek van Suid-Afrika**

# Government Gazette
*Extraordinary*

*Buitengewone*
# Staatskoerant

EX UNITATE VIRES

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)* *(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

**(REGULATION GAZETTE No. 195)** **(REGULASIEKOERANT No. 195)**

VOL. VIII.] PRICE 5c. PRETORIA, 30 MAY / 30 MEI 1963. PRYS 5c. [No. 515.

## PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. R. 129, 1963.]

COMMENCEMENT OF THE HERALDRY ACT, 1962 (ACT No. 18 OF 1962).

Under the powers vested in me by section *twenty-eight* of the Heraldry Act, 1962 (Act No. 18 of 1962), I hereby declare that the above-mentioned Act shall come into operation on 1st June, 1963.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-first day of May, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.

## PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 129, 1963.]

INWERKINGTREDING VAN DIE HERALDIEKWET, 1962 (WET No. 18 VAN 1962).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-twintig* van die Heraldiekwet, 1962 (Wet No. 18 van 1962), verklaar ek hierby dat die bovermelde Wet op 1 Junie 1963 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

J. DE KLERK.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 800.] [30 May 1963.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE (No. 2/337).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 800.] [30 Mei 1963.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE (No. 2/337).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

SCHEDULE.

| Item. | Article. | Duty rebated as under. |
|---|---|---|
| 637 | By the addition, after paragraph (3), of the following paragraphs:— | |
| | " (4) Ferrox tubes, keyboards and spire speed nuts, for the manufacture of electronic organs................. | To the extent of the intermediate duty. |
| | (5) Capacitors, diodes, loudspeakers, potentiometers, resistors, selenium rectifiers, switches, plugs, sockets, transistors and valves, for the manufacture of electronic organs.................................... | To the extent of the minimum duty." |

NOTE.—The effect of this notice is to make provision for a rebate of duty to the extent indicated on the goods mentioned when imported or taken out of bond by registered manufacturers for the manufacture of electronic organs.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



BYLAE.

| Item. | Artikel. | Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedui. |
|---|---|---|
| 637 | Deur na paragraaf (3) die volgende paragrawe by te voeg:—<br>„ (4) , Ferrox ' -buise, klawerborde en spitsversnellingsklemme, vir die vervaardiging van elektroniese orrels.. | Tot die bedrag van die intermediêre reg. |
| | (5) Kondensators, diodes, luidsprekers, potensiometers, weerstande, seleengelykrigters, skakelaars, kontrakproppe, sokke, transistors en buise, vir die vervaardiging van elektroniese orrels.................... | Tot die bedrag van die minimum reg." |

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat voorsiening vir 'n korting van reg, in die mate aangetoon, gemaak word op gemelde goedere wanneer ingevoer of uit entrepot geneem deur geregistreerde vervaardigers vir die vervaardiging van elektroniese orrels.

No. R. 801.] [30 May 1963.

## CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE (No. 2/338).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

No. R. 801.] [30 Mei 1963.

## DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE (No. 2/338).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

SCHEDULE.

| Item. | Article. | Duty rebated as under. |
|---|---|---|
| 639 | By the addition, after item 638, of the following item:—<br>„ 639 *Industry for the manufacture of railroad track levelling and tamping machines.*—<br>(*a*) Axle geared drives, dual gearbox transmission units and hydraulic pumps, overpressure relief valves, control slide valves, and tamping units.. | To the extent of the intermediate duty. |
| | (*b*) Electronic condensers...................... | To the extent of the intermediate duty." |

NOTE.—The effect of this notice is to provide for a rebate of duty, to the extent indicated, on the goods mentioned when imported or taken out of bond by registered manufacturers for use in the manufacture of railroad track levelling and tamping machines.

BYLAE.

| Item. | Artikel. | Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedui. |
|---|---|---|
| 639 | Deur na item 638 die volgende item by te voeg:—<br>„ 639 *Nywerheid vir die vervaardiging van spoorwegnivelleer- en vasstampmasjiene.*—<br>(*a*) Asaandryfmeganismes, dubbele ratkastransmissie-eenhede en hidrouliese pompe, oordrukontlaskleppe, skakelbeheerskuifkleppe en vasstampeenhede............................ | Tot die bedrag van die intermediêre reg. |
| | (*b*) Elektroniese kondensators................. | Tot die bedrag van die intermediêre reg." |

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat voorsiening vir 'n korting van reg, in die mate aangetoon, op genoemde goedere gemaak word wanneer ingevoer of uit entrepot geneem deur geregistreerde vervaardigers vir gebruik by die vervaardiging van spoorwegnivelleer- en vasstampmasjiene.

No. R. 802.] [30 May 1963.

## CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE (No. 2/339).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

No. R. 802.] [30 Mei 1963.

## DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE (No. 2/339).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

SCHEDULE.

| Item. | Article. | Duty rebated as under. |
|---|---|---|
| 686 | By the substitution, for the item, of the following item.— "686 *Industry for the manufacture of gramophones, magnetic sound recorders and reproducers, radio apparatus, and parts thereof—* | |
| | (1) Electrical capacitors (or condensers); parts thereof | To the extent of the minimum duty. |
| | (2) Resistors (or resistances) and potentiometers; parts thereof | To the extent of the minimum duty. |
| | (3) Valves and transistors; parts thereof | To the extent of the minimum duty. |
| | (4) Transformers (except mains transformers) and rectifiers; parts thereof | To the extent of the minimum duty. |
| | (5) Circuit boards or sheets (other than of metal) not fitted with components | To the extent of the minimum duty. |
| | (6) Loudspeakers; parts thereof (except cabinets) | To the extent of the minimum duty. |
| | (7) Aerials, ferrite rods; control knobs | To the extent of the minimum duty. |
| | (8) Tuners, switches, vibrators, variometers; parts thereof | To the extent of the minimum duty. |
| | (9) Turntables, motors, pickups and automatic record changers and parts thereof, for the manufacture of gramophones and gramradio receivings sets and parts thereof | To the extent of the intermediate duty. |
| | (10) Tape and wire winders; parts thereof | To the extent of the intermediate duty." |

NOTE.—The effect of this notice is to re-arrange the item and to amend the heading to the item to provide for radio apparatus, in general, including components thereof.

BYLAE.

| Item. | Artikel. | Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedui. |
|---|---|---|
| 686 | Deur die item deur die volgende item te vervang.— „686 *Nywerheid vir die vervaardiging van grammofone, magnetiese klankopnemers en -weergewers, radio-apparaat, en onderdele daarvan—* | |
| | (1) Elektriese kondensators (of kondenseerders); onderdele daarvan | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (2) Weerstande (of weerstanders) en potensiometers; onderdele daarvan | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (3) Buise en transistors; onderdele daarvan | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (4) Transformatore (uitgesonderd nettransformatore) en gelykrigters; onderdele daarvan | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (5) Kringborde of -plate (nie uit metaal nie) sonder enige onderdele daaraan gemonteer | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (6) Luidsprekers; onderdele daarvan (uitgesonderd kabinette) | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (7) Antennes, ferrietstawe, kontroleknoppe | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (8) Instemmers, skakelaars, trillers, variometers; onderdele daarvan | Tot die bedrag van die minimum reg. |
| | (9) Draaitafels, motore, opnemers en outomatiese plaatwisselaars en onderdele daarvan, vir die vervaardiging van grammofone en gramradio-ontvangstoestelle en onderdele daarvan | Tot die bedrag van die intermediêre reg. |
| | (10) Band- en draadwenners; onderdele daarvan | Tot die bedrag van die intermediêre reg." |

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die item herrangskik word en dat die opskrif by die item gewysig word om radio-apparaat, in die algemeen met inbegrip van onderdele daarvan, te dek.

## DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE AND PENSIONS.

No. R. 792.] [30 May 1963.

AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE CHILDREN'S ACT, 1960.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *ninety-two* of the Children's Act, 1960 (Act No. 33 of 1960), as amended, I, JAN JONATHAN SERFONTEIN,

## DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE.

No. R. 792.] [30 Mei 1963.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE KINDERWET, 1960.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *twee-en-negentig* van die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), soos gewysig, wysig ek, JAN JONATHAN SERFONTEIN,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Minister of Social Welfare and Pensions, hereby amend with effect from the 1st April, 1963 (the date determined by me in consultation with the Minister of Finance) the regulations published under Government Notice No. R. 524 of the 30th March, 1961, as amended, as set out in the accompanying Schedule.

J. J. SERFONTEIN,
Minister of Social Welfare and Pensions.

15th May, 1963.

SCHEDULE.

1. Regulation 47 is hereby amended—

(*a*) by the addition after sub-paragraph (iii) of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) of the following new sub-paragraph:—

"(iv) In addition to the grant payable in terms of sub-paragraph (i) the following additional grant may be paid—

| | *Per Month.* |
|---|---|
| to a child in a primary school......... | R2.00 |
| to a child in a high school............ | R4.00"; |

(*b*) by the insertion in sub-paragraph (iii) of paragraph (*a*) of sub-regulation (2) after the word "husband" the words "for a period of at least six months";

(*c*) by the insertion in sub-paragraph (iv) of paragraph (*a*) of sub-regulation (2) after the word "pension" the words "or who, were it not for his means or residential qualifications, would have been eligible for such pension";

(*d*) by the substitution of the following new sub-regulation for sub-regulation (3):—

"(3) For the purpose of this regulation, the following will not be regarded as means or income:—

(*a*) Any additional pension, grant and bonus payable in terms of sub-section (2) of section *eight* of the Old Age Pensions Act, 1962 (Act No. 38 of 1962), sub-section (2) of section *six* of the Blind Persons Act, 1962 (Act No. 39 of 1962), sub-section (1) of section *three* of the War Veterans' Pensions Act, 1962 (Act No. 40 of 1962), and sub-section (2) of section *eleven* of the Disability Grants Act, 1962 (Act No. 41 of 1962), or any special bonus payable to the recipient of a social pension;

(*b*) attendant's allowance payable in terms of section *nine* of the Old Age Pensions Act, 1962 (Act No. 38 of 1962), sub-section (1) of section *seven* of the Blind Persons Act, 1962 (Act No. 39 of 1962), sub-section (1) of section *five* of the War Veterans' Pensions Act, 1962 (Act No. 40 of 1962), sub-section (1) of section *twelve* of the Disability Grants Act, 1962 (Act No. 41 of 1962), and sub-section (1) of section *eighty-eight* of the Pneumoconiosis Compensation Act, 1962 (Act No. 64 of 1962);

(*c*) any additional grant and allowance payable in terms of sub-paragraph (iv) of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) of regulation 47 and paragraph (v) of sub-regulation (1) of regulation 51;

(*d*) any additional amount payable in terms of regulation 52 of these regulations."

2. Regulation 48 is hereby amended by the substitution for the figure "R15.00" of the figure "R17.00" in sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-regulation (1).

3. Regulation 49 is hereby amended by the substitution for the figure "R180.00" of the figure "R204.00" in paragraph (*a*).

Minister van Volkswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 April 1963 (die datum deur my bepaal in oorleg met die Minister van Finansies), die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 524 van 30 Maart 1961, soos gewysig, soos in bygaande Bylae uiteengesit.

J. J. SERFONTEIN,
Minister van Volkswelsyn en Pensioene.

15 Mei 1963.

BYLAE.

1. Regulasie 47 word hierby gewysig—

(*a*) deur na subparagraaf (iii) van paragraaf (*a*) van subregulasie (1) die volgende nuwe subparagraaf by te voeg:—

„(iv) Benewens die toelae betaalbaar kragtens subparagraaf (i) kan die volgende bykomende toelae betaal word—

| | *Per maand.* |
|---|---|
| vir 'n laerskoolkind.................. | R2.00 |
| vir 'n hoërskoolkind.................. | R4.00"; |

(*b*) deur in subparagraaf (iii) van paragraaf (*a*) van subregulasie (2) na die woord „of" die woorde „vir minstens ses maande" in te voeg;

(*c*) deur in subparagraaf (iv) van paragraaf (*a*) van subregulasie (2) na die woord „ontvang" die woorde „of wat, as dit nie was vir die middele of verblyfskwalifikasies nie, bevoeg sou gewees het om so 'n pensioen te ontvang" in te voeg;

(*d*) deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:—

„(3) Vir die doeleindes van hierdie regulasie word die volgende nie as middele of inkomste beskou nie:—

(*a*) Enige bykomende pensioen, toelae en bonus betaalbaar kragtens subartikel (2) van artikel *agt* van die Ouderdomspensioenwet, 1962 (Wet No. 38 van 1962), subartikel (2) van artikel *ses* van die Wet op Blindes, 1962 (Wet No. 39 van 1962), subartikel (1) van artikel *drie* van die Wet op Oudstryderspensioene, 1962 (Wet No. 40 van 1962), en subartikel (2) van artikel *elf* van die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1962 (Wet No. 41 van 1962), of enige spesiale bonus betaalbaar aan die ontvanger van 'n maatskaplike pensioen;

(*b*) oppasserstoelae wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van die Ouderdomspensioenwet, 1962 (Wet No. 38 van 1962), subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet op Blindes, 1962 (Wet No. 39 van 1962), subartikel (1) van artikel *vyf* van die Wet op Oudstryderspensioene, 1962 (Wet No. 40 van 1962), subartikel (1) van artikel *twaalf* van die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1962 (Wet No. 41 van 1962), en subartikel (1) van artikel *agt-en-tagtig* van die Pneumokoniosevergoedingswet, 1962 (Wet No. 64 van 1962), betaal word;

(*c*) enige bykomende toelaes betaalbaar ingevolge subparagraaf (iv) van paragraaf (*a*) van subregulasie (1) van regulasie 47 en paragraaf (v) van subregulasie (1) van regulasie 51;

(*d*) enige bykomende bedrag betaalbaar ingevolge regulasie 52 van hierdie regulasies."

2. Regulasie 48 word hierby gewysig deur in subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subregulasie (1) die syfer „R15.00" deur die syfer „R17.00" te vervang.

3. Regulasie 49 word hierby gewysig deur in paragraaf (*a*) die syfer „R180.00" deur die syfer „R204.00" te vervang.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

4. Regulation 51 is hereby amended in sub-regulation (1)—

(a) by the deletion of paragraphs (ii) and (iii);
(b) by the addition after paragraph (iv) of the following paragraph: —

"(v) In addition to the allowances payable in terms of paragraph (i) the following additional allowances may be paid—

| | Per Month. |
|---|---|
| to a child in a primary school......... | R2.00 |
| to a child in high school.............. | R4.00". |

5. Regulation 52 is hereby amended by the addition of the following sub-regulation thereto, the existing regulation becoming sub-regulation (1): —

"(2) To any widow, widower, single, divorced or deserted person who is in receipt of a grant in terms of paragraph (b) of sub-regulation (1) of regulation 33 a special additional amount of R66 per annum may be paid."

4. Regulasie 51 word hierby gewysig deur in subregulasie (1)—

(a) paragrawe (ii) en (iii) te skrap;
(b) na paragraaf (iv) die volgende paragraaf by te voeg: —

„(v) Benewens die toelae betaalbaar kragtens paragraaf (i) kan die volgende bykomende toelae betaal word—

| | Per maand. |
|---|---|
| vir 'n laerskoolkind..................... | R2.00 |
| vir 'n hoërskoolkind..................... | R4.00". |

5. Regulasie 52 word hierby gewysig deur die volgende subregulasie daaraan toe te voeg terwyl die bestaande regulasie subregulasie (1) word: —

„(2) Aan enige weduwee, wewenaar, ongetroude, geskeie of verlate persoon wat in ontvangs is van 'n toelae ingevolge paragraaf (b) van subregulasie (1) van regulasie 33 kan 'n spesiale bykomende bedrag van R66 per jaar betaal word."

## DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 791.] [30 May 1963.

### PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of paragraph (e) of sub-section (1) of section *five* or sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby certain persons were prohibited from attending gatherings: —

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 791.] [30 Mei 1963.

### AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge paragraaf (e) van subartikel (1) van artikel *vyf* of subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is waarby sekere persone verbied is om byeenkomste by te woon: —

| A.<br>Name.<br>*Naam.* | B.<br>Address mentioned in Notice.<br>*Adres in kennisgewing vermeld.* | C.<br>Section in terms of which Notice was issued.<br>*Artikel ingevolge waarvan kennisgewing uitgereik is.* | D.<br>Date on which Notice was delivered to the person mentioned in Column A.<br>*Datum waarop die kennisgewing aan die persoon genoem in kolom A oorhandig is.* | E.<br>Date on which Notice Expires.<br>*Datum waarop kennisgewing verstryk.* |
|---|---|---|---|---|
| Canca, Richard Sydney........... | Idutywa.............................. | 9 (1) | 24/4/63 | 31/3/68 |
| Huna, Bernard Mandla........... | 2273 Guguletu Location/-*lokasie*, Wynberg, Cape/*Kaap* | 9 (1) | 26/4/63 | 30/4/68 |
| Morolong, Joseph Duncan Kgomotsi | Detsiping Reserve/-*reservaat*, Vryburg........ | 5 (1) (e) | 26/4/63 | 31/3/68 |
| Ndhlovu, Muzuvukile Curnick.... | 1388F Kwa Mashu Location/-*lokasie*, District of/*Distrik* Inanda | 9 (1) | 25/4/63 | 31/3/68 |

## CONTENTS.


No. PAGE

**PROCLAMATION.**

R. 129. Commencement of the Heraldry Act, 1962 ... 1

**Department of Customs and Excise.**

GOVERNMENT NOTICES.

R. 800. Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/337) ... ... ... 1
R. 801. Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/338) ... ... ... 2
R. 802. Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/339) ... ... ... 2

**Department of Social Welfare and Pensions.**

GOVERNMENT NOTICE.

R. 792. Amendment of the Regulations made under the Children's Act, 1960 ... ... 3

**Department of Justice.**

GOVERNMENT NOTICE.

R. 791. Persons Prohibited from Attending Gatherings ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 5


## INHOUD.


No. BLADSY

**PROKLAMASIE.**

R. 129. Inwerkingtreding van die Heraldiekwet, 1962 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 1

**Departement van Doeane en Aksyns.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

R. 800. Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/337) ... ... ... ... 1
R. 801. Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/338) ... ... ... ... 2
R. 802. Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/339) ... ... ... ... 2

**Departement van Volkswelsyn en Pensioene.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R. 792. Wysiging van die Regulasies Uitgevaardig kragtens die Kinderwet, 1960 ... ... ... 3

**Departement van Justisie.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R. 791. Persone Verbied of Byeenkomste by te Woon ... ... ... ... ... ... ... ... ... 5

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998




# IT PAYS YOU WELL TO SAVE!

SAVE

- ★ FOR YOUR FAMILY'S FUTURE!
- ★ FOR YOUR OWN HOME!
- ★ FOR YOUR RETIREMENT!
- ★ FOR ALL EMERGENCIES!

## POST OFFICE SAVINGS BANK

The Post Office Savings Bank earns 2½% interest on the monthly balance, of which interest up to R100 per annum is *Free of Income Tax.*

The first deposit need to be no more than 10c. Such an account is very handy in times of emergency or when on holiday, as deposits or withdrawals can be made at any Post Office in the Republic.

Not more than R4,000 may be deposited by one person during a financial year.

# DIT BETAAL U OM TE SPAAR!

SPAAR

- ★ VIR U FAMILIE SE TOEKOMS!
- ★ VIR U EIE HUIS!
- ★ VIR U AFTREDE!
- ★ VIR ALLE GEVALLE VAN NOOD!

## POSSPAARBANK

Die Posspaarbank verdien 2½% rente op die maandelikse balans, waarvan tot R100 per jaar van die rente van *Inkomstebelasting Vrygestel* is.

Die eerste belegging hoef nie meer as 10c te wees nie So 'n rekening is baie handig in tye van nood of wanneer met vakansie, omdat stortings en terugvorderings by enige Poskantoor in die Republiek gedoen kan word

Nie meer as R4,000 mag gedurende 'n boekjaar deur een persoon ingelê word nie

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


*Use the . . .*

# Post Office Savings Bank

which provides

state security; strict secrecy and unrivalled facilities for deposits and withdrawals

**Deposits in ordinary accounts earn interest at 2½% per annum**

**Amounts invested in Savings Bank Certificates earn 4% per annum**

**R20,000 may be invested in Savings Bank Certificates**

**OPEN AN ACCOUNT TODAY!**

*Maak gebruik van die . . .*

# Posspaarbank!

Die veiligheid van u geld word deur die Staat gewaarborg en u is verseker van streng geheimhouding en ongeëwenaarde diens in verband met inlaes en opvragings

**Die rente op inlaes in gewone rekenings is 2½% per jaar**

**Op bedrae wat in Spaarbanksertifikate belê word, is die rente 4% per jaar**

**R20,000 kan in Spaarbanksertifikate belê word**

**OPEN VANDAG 'N REKENING!**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS

# POSTAGE RATES

## TO DESTINATIONS IN SOUTH AFRICA

| | |
|---|---|
| Letters (surface mail) | 2½c for first oz.; 1c for each additional oz. |
| Letters (air mail) | 3c for first oz.; 1½c for each additional oz. |
| Postcards (surface mail) | 1½c each. |
| Postcards (air mail) | 2c each. |
| Aerogrammes | 2½c each. |
| Printed Papers | 1c for first 2 oz.; ½c for each additional 2 oz. |
| Commercial papers | 1c per 2 oz. |
| Newspapers | ½c per 4 oz. per copy. Limit of weight per packet, 1 lb. |
| Samples | 1c per 2 oz. |

### PARCELS (SURFACE MAIL)

*Ordinary Parcels:*

| | | |
|---|---|---|
| (a) Parcels (excepting agricultural and air parcels) posted in South Africa for delivery within South Africa (excepting South West Africa) | Up to 8 oz. | 5c |
| | Above 8 oz. up to 2 lb. | 10c |
| | Above 2 lb. up to 7 lb. | 30c |
| | Above 7 lb. up to 11 lb. | 60c |
| | Above 11 lb. up to 22 lb. | 110c |
| (b) Parcels (excepting air parcels) posted in South Africa for delivery in South West Africa | Up to 8 oz. | 5c |
| | Above 8 oz up to 1 lb. | 7c |
| | For every additional lb. or fraction thereof | 7c |

| | |
|---|---|
| For Basutoland, Swaziland, Moçambique | 7c per lb. |
| For Bechuanaland Protectorate | 7c per lb. (Kazungula 11c per lb.). |
| Parcels (agricultural) | 2½c per lb. |
| Parcels (air mail) | 10c per ½ lb. |
| *Cash on delivery fees | For trade charges up to and including R2.... 15c |
| | For each additional R2 or part thereof....... 2½c |
| †Parcel insurance fees | *Fee.* / *Limits of compensation.* |
| | 5c / R10 |
| | 6c / R20 |
| | Plus 1c for each additional R20 or part thereof up to a maximum of R400. |
| Registration fee | 5c per article. |
| Express delivery fees | Handling charge........ 5c |
| | Delivery charge 5c per mile or part of a mile. |

*N.B.*—The postage rates on letters, postcards, aerogrammes, printed papers, commercial papers and samples to destinations in the African Postal Union [Angola; Basutoland; the Bechuanaland Protectorate; Burundi; Cameroon, Republic of; Congo, Republic of (Leopoldville); Federation of Rhodesia and Nyasaland; French Equatorial Africa (Gabon, Republic of); Congo, Republic of (Brazzaville); Central African Republic; Chad, Republic of; Kenya; Madagascar; Mocambique; Rwanda; South West Africa; Swaziland; Tanganyika; Uganda] are the same as those within South Africa for surface and air mail, respectively.

* A C.O.D. service is also available to the following countries of the African Postal Union: Kenya, Uganda and Tanganyika, Moçambique and the Federation.

† An insured parcel service is also available to the Federation. Parcels for this destination cannot, however, be insured for more than R120.

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE

# POSTARIEWE

## NA BESTEMMINGS IN SUID-AFRIKA

| | |
|---|---|
| Briewe (landpos) | 2½c vir eerste ons; 1c vir elke bykomende ons. |
| Briewe (lugpos) | 3c vir eerste ons; 1½c vir elke bykomende ons. |
| Poskaarte (landpos) | 1½c elk. |
| Poskaarte (lugpos) | 2c elk. |
| Lugbriewe | 2½c elk. |
| Drukwerk | 1c vir eerste 2 onse; ½c vir elke bykomende 2 onse. |
| Handelstukke | 1c per 2 onse. |
| Nuusblaaie | ½c per 4 onse per eksemplaar. Maksimum gewig per pakkie, 1 lb. |
| Monsters | 1c per 2 onse. |

### PAKKETTE (LANDPOS)

*Gewone pakkette:*

| | | |
|---|---|---|
| (a) Pakkette (behalwe landbou- en lugpakkette) gepos in Suid-Afrika vir aflewering in Suid-Afrika (behalwe Suidwes-Afrika). | Tot 8 onse | 5c |
| | Bo 8 onse tot 2 lb. | 10c |
| | Bo 2 lb. tot 7 lb. | 30c |
| | Bo 7 lb. tot 11 lb. | 60c |
| | Bo 11 lb. tot 22 lb. | 110c |
| (b) Pakkette (behalwe lugpakkette) gepos in Suid-Afrika vir aflewering in Suidwes-Afrika: | Tot 8 onse | 5c |
| | Bo 8 onse tot 1 lb. | 7c |
| | Vir elke bykomende lb. of gedeelte daarvan | 7c |

| | |
|---|---|
| Vir Basoetoland, Swaziland, Mosambiek | 7c per lb. |
| Betsjoeanaland-protektoraat | 7c per lb. (Kazungula 11c per lb.). |
| Pakkette (landbou) | 2½c per lb. |
| Pakkette (lugpos) | 10c per ½ lb. |
| *K.B.A.-geld | Vir handelsbedrae tot en met R2........... 15c |
| | Vir elke bykomende R2 of gedeelte daarvan. 2½c |
| †Pakketversekeringsgeld | *Versekeringsgelde.* / *Maksimum vergoeding.* |
| | 5c / R10 |
| | 6c / R20 |
| | Plus 1c vir elke R20 of gedeelte daarvan tot 'n maksimum van R400. |
| Registrasiegeld | 5c per posstuk. |
| Spoedbestelgeld | Hanteerkoste.......... 5c |
| | Afleweringskoste 5c per myl of gedeelte daarvan. |

*L.W.*—Die postariewe op briewe, poskaarte, lugbriewe, drukwerk, handelstukke en monsters na bestemmings in die Posunie van Afrika [Angola; Basoetoland; Betsjoeanaland-protektoraat; Burundi; Federasie van Rhodesië en Njassaland; Frans-Ekwatoriaal-Afrika (Gaboen, Republiek); Kongo, Republiek (Brazzaville); Sentraal-Afrika, Republiek; Tsaad, Republiek; Kameroen, Republiek; Kenja; Kongo, Republiek (Leopoldstad); Madagaskar; Mosambiek; Rwanda; Suidwes-Afrika; Swaziland; Tanganjika; Uganda] is dieselfde as dié binne Suid-Afrika vir land- en lugpos, onderskeidelik.

* 'n K.B.A.-diens is ook beskikbaar na die volgende lande van die Posunie van Afrika: Kenja, Uganda en Tanganjika, Mosambiek en die Federasie.

† 'n Versekerde pakketdiens is ook beskikbaar na die Federasie. Pakkette vir dié bestemming kan egter nie vir meer as R120 verseker word nie.

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.